Hoe werk die Webblad?

Hierdie is ‘n Webblad wat nooit klaar is nie. Jy, as leser word hartlik uitgenooi om die webblad te laat groei. Ons ideaal is om soos probleme en vrae ontwikkel die materiaal op die webblad te plaas. Hoe? Deurdat jy as leser vir ons die vraag waarmee jy sukkel te stuur. Ons sal dan probeer om binne ‘n billike tyd inligting oor die vraag op die webblad te plaas.

Jy kan selfs opmerkings maak of langer stukkies aan die redaksie voorlê. Ons belowe nie om dit te plaas nie, maar om dit aan die skrywer deur te gee. Hy of sy kan dan besluit of hy die inligting wil bysit (of invoeg) by sy artikel, of die inligting onder aan die artikel geplaas moet word as addendum. Met langer stukke sal die Webbaas in samewerking met die redaksie die besluit maak – ‘n goeie langer artikel wat aan die kriteria van die webblad voldoen mag na diskresie onder die naam van die skrywer as afsonderlike artikel bygevoeg word. Die Webbaas behou homself egter die reg voor om die prosedure ter eniger tyd te verander en behou homself ook die reg voor in watter mate daar oor sake gekorrespondeer kan of moet word. Uiteraard kan daar nie werklik op individuele vlak in gesprek gegaan word met lesers nie. Ons vra begrip daarvoor.